Die Voortrekkers

Transvaal
Spesiale Omsendbrief
Maart 2020

houKOERS!

transvaal.voortrekkers.co.za

16 Maart 2020

Beste voortrekkervriende,

Die gebiedsdagbestuur het op Maandag 16 Maart 2020 tydens ’n spesiale gebiedsdagbestuursvergadering, asook ’n vergadering saam met die kampleiers, die impak van President Cyril Ramaphosa se Coronaviruspandemie (COVID-19) afkondiging bespreek.

Die klem was op die komende Maart skoolvakansie se gebiedskampe en ander gebiedsaktiwiteite gedurende April en Mei 2020. Die veiligheid en belange van ons jeuglede en volwassenes is ’n baie teer en belangrike saak. Wees verseker dat die besluit om die gebiedskampe te kanselleer nie ’n maklike besluit was nie. Die gebiedskampleiers word bedank vir hierdie dapper en drastiese stap wat hulle geneem het om ons jeuglede se veiligheid en gesondheid eerste te stel. As Voortrekkers moet ons ook ons eie Voortrekkerkode nakom deur te toon dat ons gesag aanvaar.

Dit is belangrik dat almal moet besef dat geen jeuglid benadeel sal word as gevolg van hierdie drastiese optrede nie.

Ter aansluiting by die hoofdagbestuur se nasionale skrywe gedateer 16 Maart 2020 bevestig Transvaal Voortrekkers die volgende:

1. **Kansellasie van gebiedskampe**

1.1 **Al** Transvaal se Penkop- en-Drawwertjie asook Verkenner gebiedskampe wat sou plaasvind gedurende die Maart/April skoolvakansie, is gekanselleer.

1.2 Beide Jakaranda en Hoëveld Penkop-en- Drawwertjie kampe was vanoggend nog in gesprek om alternatiewe opsies te ondersoek vir graad 7 jeuglede ter kwalifisering van die voorslag toekenning. Ongelukkig kon ‘n werkbare oplossing binne die riglyne van die regering, nie gevind word nie.

2. **Terugbetaling van kampgelde**

2.1 Kampgelde (soos ontvang) sal deur die onderskeie kampe terugbetaal word. Die kampe sal die kommunikasie in hierdie verband met die voortrekkerkommando’s of ouers hanteer en finaliseer.

2.2 Die Penkop-en-Drawwertjie kampe sal die kampgelde direk aan die kommando’s terugbetaal, wie die proses dan asseblief verder moet hanteer. Die rede is omdat jeuglede via die kommando’s vir die betrokke kampe ingeskryf het.

2.3 Die Verkennerkampe sal direk met elke jeuglid en hul ouers kommunikeer insake die hantering of terugbetaling van hulle kampgelde. Die rede daarvoor is omdat elke jeuglid direk by die onderskeie verkennerkampe ingeskryf het en die opsie gegun sal word om die kampgelde oor te dra na ‘n latere datum.

3. **Voorslag en Presidentverkenner proses**

3.1 Geen 2020 Voorslag óf Presidentsverkenner kandidaat sal benadeel word nie. Alle Voorslag en Presidentsverkenner kandidate wie kampe en aktiwiteite benodig ten einde te kwalifiseer vir deelname aan een van hierdie genoemde prosesse, sal geakkomodeer word.

3.2 Alternatiewe geleenthede word tans ondersoek om die vereistes van die gebiedskampe en/of belofte spesialisasie daar te stel. Gee asseblief geleentheid vir hierdie ondersoeke om afgehandel te word.

3.3 Beide die Voorslag en die Presidentsverkenner prosesse is nasionale prosesse.

3.4 Die Nasionale Komitee: Verkennersake en Nasionale Komitee: PDsake is reeds besig om die PV en Voorslag uitdagings te bespreek. 'n Volledige besluit sal deurgee word sodra dit beskikbaar is en deur Hoofbestuur bekragtig is tydens die Hoofbestuursvergadering wat gehou sal word 18 tot 20 April 2020.

Vir eers, wees asseblief rustig en hou moed! Die kansellering van die gebiedskampe is 'n baie swaar emosionele besluit en ons almal het so bietjie tyd nodig om die verandering en alternatiewe te ondersoek en te implimenteer. Alle pogings sal aangewend word om hierdie proses so maklik as moontlik te laat verloop.

4. **ARISS en SPDW**

SPDW gaan wel voort met die ARISS projek saam met NASA waar tien (10) Penkop en Drawwertjies met ‘n internasionale ruimtestasie gaan kommunikeer. Die projek word beplan vir Vrydag 27 Maart 2020. Hou gerus die sosiale media en ons Transvaal Voortrekkers Facebook dop.

5. **Alternatiewe 2020 kampdatums**

Die volgende kampe het besluit om te kyk na alternatiewe kampdatums in 2020:

5.1 Thaba Verkennerkamp sal aangebied word tydens die Desember Rigterskamp, vanaf 4 tot 12 Desember 2020.

5.2 Lunsklip verkennerkamp gaan moontlike aangebied word tydens die September of Desember 2020 skoolvakansie.

5.3 Hoëveld en Jakaranda Penkop- en-Drawwertjie gebiedskampe gesels tans met Oostelike PD kamp om hul kragte saam te span en van hul kampe se spesialisasies saam met OPD gedurende die Junie/Julie skoolvakansie aan te bied. Hierdie is ‘n poging om geleentheid te bied vir voorslag kandidate om aan die nodige vereistes te voldoen. Die verskillende kamprade sal gedurende April die nodige beplanning doen waarna die inligting beskikbaar sal wees.

5.4 Die kampdatums van die Junie/Julie gebiedskampe mag beïnvloed word na aanleiding van die verkorte Junie/Julie skoolvakansie. Hierdie datums kan egter eers bevestig word na die President se aankondigings rakende die volgende fase hantering van die Corona virus (COVID-19), op 15 April 2020.

6. **2020 Jaarprogram**

6.1 Die skoolvakansies word geaffekteer deur die Corona virus (COVID-19) en die nasionale regering se beleid.

6.2 Die uitvoering van die gebiedsjaarprogram gaan dus in fases hanteer word en ons werk op feite soos verskaf word deur die nasionale regering. Daar sal deurentyd met u gekommunikeer word.

6.3 Kommunikasie sal nou reeds gevoer word met die organiseerders van die April en Meimaand GGA/GGN dae ten einde voorkomende maatreëls in plek te stel.

6.4 Die datum van die PV vraestel is steeds 20 April 2020.

7. **Voortrekkerkommando's**

Kommando's en oorde word versoek om die nasionale regering se riglyne te volg in die uitvoering van alle kommando aktiwiteite.

Die gebiedsdagbestuur vertrou dat hierdie as 'n geleentheidsbenutting beskou sal word teneinde 'n positiewe boodskap uit te dra dat die Voortrekkers, nieteenstaande enige uitdaging, planne maak om hulle higiëne op te skerp en 'n verskil maak.

Die Corona virus (COVID-19) en die impak daarvan op Transvaal Voortrekkers sal na 15 April 2020 weer in oënskou geneem word. U sal verwittig word van enige verdere verwikkelinge.

Wees verseker van ons totale onderneming om altyd te streef na die beste belange van ons jeuglede en volwassenes.

Geniet die verlengde skoolvakansie, wees veilig en pas persoonlike higiëne toe.

Voortrekkergroete

Zandra Machin – Gebiedsleier (082 923 5611 - gebiedsleier@transvaal.voortrekkers.co.za)
Elsa Schnetler – AGL Administrasie (082 707 2010 - admin@transvaal.voortrekkers.co.za / elsies1@afrihost.co.za)
Anita Bezuidenhout – AGL Finansies en Terreine (082 451 1549 - anita.bezuidenhout@vodamail.co.za)
Riaan du Preez – AGL Bemarking (076 412 8811 - riaandupreez360@gmail.com)
Anine Wheeler – AGL Penkoppe en Drawwertjies (082 459 7157 - anine.wheeler@sabs.co.za)
Jaco van der Walt – AGL Verkenners (072 312 7722 - jaco.vn.dr.walt@gmail.com)
Dirk van den Berg – AGL Volwassesake (082 418 9467 - Dirk@helpendehand.co.za)

ONS GLO IN HOOP